higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N380(**A**)(J7)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

(7080104)

7 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

GS

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs ‘waar’ of ‘onwaar’ langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Ten einde betroubare observasies uit te voer, is dit belangrik om kinders slegs in die oggend te observeer.

1.1.2 Die educarer kan deelneem aan die kinders se spel terwyl hy/sy die kinders observeer.

1.1.3 Die educarer kan bepaal of die kind volgens die normale ontwikkelingstadiums van sy/haar ouderdomsgroep ontwikkel.

1.1.4 As jy ’n goeie geheue het, is dit aanvaarbaar om jou observasies te memoriseer in plaas van dit neer te skryf.

1.1.5 Voordat ’n kontrolelys (‘check list’) ingevul word, moet die educarer sorg dat sy vertroud is met die inhoud van die hele lys.

1.1.6 Ligte kleure sal ’n groot vertrek kleiner laat lyk.

1.1.7 Babas geniet dit om na hulself in die spieël te kyk, daarom het hulle spieëls nodig wat van veiligheidsglas gemaak is.

1.1.8 ’n Volvloertapyt in die babakamer is ’n goeie idee, want dit is warm.

1.1.9 Die sekondêre kleure is pers, blou en groen.

1.1.10 Primêre kleure is die basis van alle ander kleure.

(10 × 2) (20)

1.2 Kies ’n item/term uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf SLEGS die letter langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Sand, water, modder	A	fisiese spel
1.2.2	Enigiets om mee te speel wat lekker, interessant en veilig is	B	koördinasie
1.2.3	Sing en beweeg liggaam	C	’n manier van kommunikasie
1.2.4	Wanneer ’n kind ’n gesprek voer oor ’n speeltelefoon	D	ouditiewe diskriminasie
1.2.5	Van die verstand en intellek, hoe mense dink	E	’n speelding
1.2.6	Baba herken verskillende klanke	F	sosiale spel
1.2.7	Spel waar babas groot en fyn motoriese spiere gebruik	G	kognitief
1.2.8	Kinders leer oor hulself, die omgewing en hulle verhouding ten opsigte daarvan	H	kalmerende spel met oop einde
1.2.9	Lyftaal	I	fantasiespel
1.2.10	Taal wat kinders verstaan	J	musikale aktiwiteite
1.2.11	Taal wat kinders uiter (‘express’)	K	verkennende (‘exploratory’) spel
1.2.12	Gee kinders die geleentheid om probleme in hul alledaagse lewe te herken	L	opnemingstaal (‘receptive language’)
1.2.13	Kinders wat probleme oplos is meer …	M	probleem-oplossingsaktiwiteite
1.2.14	Kinders se primêre educarer	N	ekspressiewe taal
1.2.15	Die … moet elke aktiwiteit beplan en dit elke dag aanbied	O	ouers
		P	educarer
		Q	kind
		R	onafhanklik

(15 × 2) (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die babakamer het ventilasie nodig.

2.1.1 Verduidelik hoekom ventilasie in die baba-afdeling belangrik is. (2)

2.1.2 Gee DRIE verskillende maniere waarop ventilasie verbeter kan word. (3)

2.2 Noem VYF dinge om in gedagte te hou wanneer gordyne vir ’n babakamer gekies word. (5)

2.3 Die babakamer moet in verskillende aktiwiteitsareas verdeel word sodat kinders hul omgewing sal verken.

2.3.1 Noem SES verskillende aktiwiteitsareas in die speelkamer.

2.3.2 Verduidelik minstens EEN aktiwiteit in elk van die areas wat in VRAAG 2.3.1 genoem is.

(2 × 6) (12)

2.4 Een van die vereistes vir ’n speelding is dat dit veilig moet wees.


Bespreek VYF veiligheidskenmerke wat educarers in gedagte moet hou wanneer speelgoed gekoop of gemaak word. (5 × 2) (10)

2.5 Omskryf die term *observasie van kinders* in die voorskoolsentrum. (3)

2.6 Educarers moet altyd gereed wees om observasies te doen en dit neer te skryf.

Skryf ’n kort observasie oor elk van die kinders in die volgende foto’s. Jy kan enige leerarea kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.6.1



[Bron: *www.livstrong.com*]

2.6.2



[Bron: *www.mulberrycorner.co.uk*]

2.6.3



[Bron: *www.nurseryworld.co.uk*]

(3 × 2) (6)

2.7 Bespreek die volgende stadiums van spel:

2.7.1 Alleenspel (‘Solitary play’)

2.7.2 Parallelle spel

2.7.3 Sosiale spel

(3 × 3) (9)

[50]

VRAAG 3

3.1 Beskryf enige DRIE taalaktiwiteite vir peuters tussen 15 en 18 maande.(3 × 2) (6)

3.2 'Klein kindertjies wil deel wees van jou wêreld. Vir hulle is werk net soveel pret soos speel, as hulle die geleentheid gebied word om dit te doen.'

[Bron: *https://childdevelopmentinfo.com/*]

3.2.1 Omskryf die term *ontdekkingspel* ('discovery play'). (3)

3.2.2 Bespreek die waarde van ontdekkingspel. (6)

3.2.3 Bespreek die rol van die educarer tydens ontdekkingspel. (6)

3.3 Noem VYF gepaste manipulasiespeeldinge vir babas tot 12 maande oud. (5)

3.4 Kopieer die volgende lesplan in die ANTWOORDBOEK en voltooi dit deur 'n musiekaktiwiteit vir 'n groep babas tot 12 maande oud te beplan.

ALGEMENE INLIGTING • • • • • • (6 × 1)			(6)
INLEIDING – DOEL	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**	
(3 × 2)			(6)
HOOFAKTIWITEIT/ KERNDOEL	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**	
(3 × 2)			(6)
AFSLUITING – DOEL	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**	
(3 × 2)			(6)
EVALUASIE			

[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik hoekom geskrewe beplanning belangrik is in die dagsorgsentrum. (6)

4.2 Konstruksies met bokse ('box constructions') bied aan kinders geleenthede om wetenskaplike en wiskundige konsepte te verken terwyl hulle bokse en ander materiale in driedimensionele strukture verander. Terwyl kinders besig is om te bou, ontwikkel hulle probleemoplossingsvaardighede, ondersoekende vaardighede, toepassing van en refleksie oor leer.

[Bron: *http://deta.qld.gov.au/earlychildhood*]

4.2.1 Noem SES verskillende materiale wat geskik is vir konstruksies met bokse. (6)

4.2.2 Sommige temas leen hulself tot idees vir maklike konstruksies met bokse.

Noem VIER temas wat gekies kan word vir konstruksies met bokse. (4)

4.3 Bespreek die waarde van verfaktiwiteite. (5)

4.4 Wanneer voorbereiding vir kunsaktiwiteite gedoen word, moet die educarer verskillende materiale en apparate voorsien.

Bespreek wat die educarer in gedagte moet hou wanneer verskillende materiale bymekaar gemaak word. (3 × 2) (6)

4.5 Noem VYF verskillende speelpoppe ('puppets') wat tydens storietyd gebruik kan word. (5)

4.6 'Wanneer babas aan fisies aktiewe spel deelneem, moet hulle genoeg ruimte hê om veilig rond te beweeg. Hierdie aktiwiteit kan binnenshuis sowel as buitenshuis aangebied word.'

[Bron: *EDUCARE DIDACTICS N4* – Möller and Van den Heever]

Beskryf EEN aktiwiteit onder elk van die volgende opskrifte wat die educarer kan gebruik om fisiese beheer vir babas te ontwikkel:

4.6.1 Kruip

4.6.2 Op maag lê

4.6.3 Baba se beentjies oefen

4.6.4 Vangspeletjies

(4 × 2) (8)

4.7 Beskryf hoe ouers by manipulasiespel vir babas betrokke kan raak. (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL : 200

Kopiereg voorbehou